



WETENSKAPLIKE BYDRAES VAN DIE PU VIR CHO
Reeks H: Inouguerele Redes Nr. 33

**DIE BOTSING VAN PLIGTE AS
ETIESE VRAAGSTUK**

P.W. Buys

Potchefstroomse Universiteit vir CHO
1976

DIE BOTSING VAN PLIGTE AS ETIESE VRAAGSTUK

1. INLEIDING

1.1 Probleemstelling

Sedert onheuglike tye worstel die mens met die probleem van pligte wat in 'n konfliktsituasie teenoor mekaar te staan kom, sodat die uitvoering van een plig noodwendig die versuiming van 'n ander ewe-belangrike plig meebring. In die Griekse drama is dit Orestes wat hom geroepe voel om sy vader Agamemnon se dood te wreek. Om hierdie plig uit te voer moet hy sy eie moeder, die moordenaar van sy vader, om die lewe bring. Die slot van die verhaal is dat Orestes weens hierdie botsing van pligte kranksinnig word.

In die Klassieke Stoïsynse wysbegeerte word die volgende as voorbeeld van twee botsende pligte voorgedra: Wanneer daar tussen twee skipbreukelinge 'n stuk wrakhoutdryf wat groot genoeg is om net een van hulle te red, moet die een dan sy eie lewe probeer red ten koste van die ander een, of moet hy ten koste van sy eie lewe die wrakhout vir die ander een gee? In die eerste geval pleeg hy moord en in die tweede geval selfmoord. 'n Suiwerder voorbeeld uit die alledaagse lewe is die volgende: By die huwelik beloof 'n vrou dat sy haar man nooit sal verlaat nie. By die doop van hul kinders beloof sy (saam met haar man) om die kinders op te voed in die vrese van die Here. As dit nou agterna blyk dat die man 'n psigopaat is en 'n alkoholis en 'n gewelddenaar en dat die opvoeding van die kinders in sy teenwoordigheid 'n totale onmoontlikheid is, wat staan die vrou te doen? As sy haar man verlaat, verbreek sy die huweliksbelofte, as sy by hom bly, verbreek sy die doopsbelofte.

1.2 Belangrikheid en aktualiteit van die probleem

Die probleem van die botsing van pligte is een van die kernvraagstukke in die Etiek en plaas die navorser in hierdie dissipline van die wetenskap telkens weer voor die misterie van 'n onontwykbare en dikwels onoplosbare dilemma.

Dit botsing van pligte sit ingebéd in die mees aktuele kwessies waarmee die Etiek in die huidige tydsgewrig te kampe het. Hetsy dit die Handelsetiek is, of die Oorlogsetiek of die Kunsetiek of die Staatskundige Etiek — die botsing van pligte is altyd daar. En al hierdie etieke plaas die Teologiese Etiek voor die dringende taak om uit die Woord van God die ewige beginsels op te diep wat vir die verskillende lewensterreine die bevrydende woord kan spreek.

1.3 Noodsaaklikheid van nuwe besinning oor hierdie vraagstuk

Oor die botsing van pligte is daar veel geskrywe — nagenoeg elke handboek in

die Etiek wy aandag aan die probleem. Maar dit is hier werklik 'n geval van soveel hoofde soveel sinne, en dit wissel tussen 'n erkenning, 'n gedeeltelike erkenning en 'n volslae ontkenning van die bestaan van die botsing van pligte.

Daarby is daar nog heel weinig of niks geskrywe om bogenoemde aktuele etiese vraagstukke vanuit die gesigspunt van 'n botsing van pligte te benader nie.

Hierdie toedrag van sake maak dit noodsaaklik dat daar opnuut deur die Christelike en meer bepaald Gereformeerde Etiek hieroor besin sal word.

1.4 Werkplan

In hierdie ondersoek sal aan die volgende sake aandag gegee word:

'n Kort historiese oorsig.

'n Uiteensetting van die probleem met besondere verwysing na 'n paar aktuele vraagstukke.

Riglyne in verband met die oplossing van die probleem.

Aanduiding van die betekenis wat hierdie ondersoek het vir die beoefening van die Gereformeerde Teologiese Etiek.

2. HISTORIESE OORSIG

Die Stoïsynse wysgere (vanaf die derde eeu v.C.) het reeds al die probleem van die botsing van pligte in hul Etiek behandel. Onder hulle invloed het Cicero in die derde boek van sy *De Officiis* besondere aandag aan die probleem bestee. Naas die reeds genoemde voorbeeld van die twee skipbreukelinge stel hy die destyds aktuele botsing van pligte aan die orde, naamlik of 'n mens in 'n tyd van hongersnood jou slaaf se voedselrantsoen hom mag ontnem¹⁾.

Ambrosius was dit wat die probleem van botsende pligte in die Christelike Etiek 'n plek gegee het²⁾.

In die Rooms Katolieke Etiek het dit dwarsdeur die Middeleeue 'n relevante vraagstuk gebly en het veral in die praktyk van die bieë 'n belangrike rol gespeel. In die Etiek van die Jesuïete is na 'n oplossing van die probleem gesoek vanuit die stelling dat die doel die middel heilig³⁾.

Calvyn het die probleem sydelings aangeraak in sy beskouing oor die Christelike vryheid en ook die ligvaardige geloftes waardeur mense hulle in die noute bring⁴⁾.

In die na-Reformatoriese Gereformeerde Etiek figureer die vraagstuk in die sogenaamde kasuïstiek, ook bekend as die leer van die *casus conscientiae* (gewetensgevalle)⁵⁾.

Sedert die Duitse filosoof Kant word daar drie standpunte aangetrof: 'n ont-

kenning, 'n gedeeltelike erkenning en 'n algehele erkenning van die bestaan van 'n botsing van pligte.

2.1 Ontkenning van die bestaan van 'n botsing van pligte

Op die voetspoor van Kant en Schleiermacher⁶⁾ het talle etici die moontlikheid van botsende pligte ontken. Vir Von Harless⁷⁾ byvoorbeeld is 'n botsing van pligte die vrug van 'n valse gelykstelling van pligte of meer korrek, die resultaat daarvan dat die mens sekere lewensituasies wat in 'n verhouding van superioriteit en inferioriteit tot mekaar behoort te staan, in 'n juxtaposisie teenoor mekaar stel.

Brunner⁸⁾ beskou die botsing van pligte as 'n siekte waarmee slegs 'n legalistiese etiek geïnfekteer kan word. 'n Mens wat deur hierdie siekte aangetas word, *voel* gedurig dat dit sy plig is om verskeie *pligte* wat nie met mekaar versoen kan word nie, te volbring. Maar wat gewoonlik 'n botsing van pligte genoem word, is vir Brunner slegs 'n simptoom dat 'n persoon aan die siekte van legalisme ly. Daarom, sê hy, is dit nodig dat die mens sal uitvind wat die één plig is wat hy werklik behoort na te kom — dan sal hy meteen insien dat 'n botsing van pligte 'n fiksie is.

Knudson⁹⁾ is van mening dat daar in elke konkrete situasie maar een plig is om te vervul al is dit so dat liefde, waarheid en geregtigheid soms teenoorgestelde eise aan die mens stel.

Wat daardie een plig is, is miskien nie altyd duidelik nie, maar dan is daar nie sprake van 'n botsing van pligte nie, maar van 'n gebrek aan insig in wat 'n mens se plig is. Daar bestaan dus nie soiets as 'n botsing van pligte nie maar net 'n moontlikheid van botsende getuienis met betrekking tot wat 'n mens se plig onder bepaalde omstandighede is.

In die nuwere Nederlandse Gereformeerde Etiek word die bestaan van 'n botsing van pligte bevraagteken onder andere deur Van den Berg¹⁰⁾ op grond daarvan dat die begrip plig as gevolg van sy buite-Bybelse oorsprong hom moeilik in die Teologiese Etiek laat invoeg. Dit bring mee dat die begrip botsing van pligte, as dit uit die empiriese in die teologiese sfeer oorgebring word, 'n *onhanteerbare categorie* blyk te wees.

2.2 Erkenning van die subjektiewe bestaan van die botsing van pligte

Volgens Aalders¹¹⁾, Dijk¹²⁾ en Sde¹³⁾ bestaan 'n botsing van pligte wel, maar altyd net subjektief en nooit objektief nie. Met 'n subjektiewe botsing van pligte word bedoel 'n botsing in die bewussyn van die persoon wat geroepe is om in 'n konfliktsituasie te handel. Met 'n objektiewe botsing word bedoel 'n botsing *an sich*, dit wil sê 'n botsing in die buite-die-bewussyn-bestaande werklikheid.

Die gronde vir die ontkenning van die bestaan van 'n objektiewe botsing is volgens genoemde skrywers die volgende: Eerstens sal God nooit in sy wet aan 'n mens twee teëstrydige bevele gee nie, want dan sou God met Homself in konflik kom.

Tweedens is daar by 'n botsing van pligte altyd 'n sterk subjektiewe element omdat die begrip gewoonlik 'n subjektiewe inslag het — wat die een mens as sy plig beskou, beskou 'n ander mens juis as iets wat vir hom verbode is.

Derdens is daar by 'n botsing van pligte altyd 'n mate van menslike kortsigtigheid teenwoordig.

2.3 Die erkenning van die subjektiewe sowel as objektiewe bestaan van die botsing van pligte

Die ruimste standpunt is dié van Geesink¹⁴⁾ wat van mening is dat 'n botsing van pligte sowel in subjektiewe as objektiewe sin kan bestaan.

3. UITEENSETTING VAN DIE PROBLEEM MET BESONDERE VERWYSING NA 'N PAAR AKTUELE VRAAGSTUKKE

3.1 Die woord plig

Die woord plig hang etimologies saam met die werkwoord pleeg wat in Nederlands beteken om gewoon te wees om iets te doen. Wanneer dit wat 'n mens gewoon is om te doen, 'n sedelike aksent kry en geag word as behoorlik en noodsaaklik te wees, word dit 'n plig¹⁵⁾. Hierby kom dat plig dikwels situatief is: wat onder vandag se omstandighede 'n plig is, mag onder môre se omstandighede 'n verbode handeling wees en omgekeerd. Voorts is plig 'n gewetenshandeling wat steun op die beginsels van die sedewet, maar omdat dit situatief is, moet dit ook rekening hou met norme wat uit die sedewet afgelei is.

In die algemeen word plig omskryf as dit „wat 'n mens volgens jou gewete of volgens sedelike of wetlike voorskrifte moet doen”¹⁶⁾. In die Etiek kan plig gedefinieer word as die wyse van handeling waartoe 'n mens op 'n gegewe oomblik onder bepaalde omstandighede kragtens jou gewete op grond van die beginsels en norme van die sedewet geroepe is.

3.2 Wat 'n botsing van pligte is

Met die botsing van pligte word bedoel 'n situasie waarin twee pligte sodanig met mekaar in konflik is, dat die nakoming van een noodwendig die verzuiming van die ander een beteken.

3.3 Wat 'n botsing van pligte nie is nie

Daar bestaan twee soorte fiktiewe botsings van pligte wat van werklike botsings van pligte onderskei moet word. Die eerste fiktiewe botsing van pligte is die gevolg van die mens se eie moedswillige toedoen. Deur die hubris skep die tragiese helde van die Griekse en ander drama's dilemma's waarin hul soms ondergaan. Voorbeelde van fiktiewe botsing van pligte: Jefta wat sweer dat hy die eerste wat uit sy huis hom teëkom, aan God sal offer — en dan sy dogter op die altaar moet lê; Herodes wat sy dogter beloof wat sy ookal mag vra, met die gevolg dat hy Johannes die Doper se kop moet laat afkap; die veertig Jode wat sweer dat hulle nie sal eet of drink voordat hulle Paulus om die lewe gebring het nie — die Bybel vertel nêrens dat hulle werklik van honger en dors dood is nie.

'n Tweede fiktiewe botsing van pligte is in werklikheid 'n botsing tussen neiging en plig. Voorbeeld: die man wat uit suinigheid weier om kerklike bydrae te gee onder voorwendsel dat hy dan nie sy huisgesin sal kan versorg nie.

3.4 Oorsake van botsing van pligte

Dit is 'n onbegonne taak om alle moontlike oorsake van botsende pligte aan te dui — daarvoor is die lewe eenmaal te gekompliseer. Hier word met 'n paar voorbeelde volstaan wat kan dien om 'n beter begrip te vorm van wat 'n botsing van pligte werklik is.

3.4.1 *Mekaar weersprekende bevele en beloftes uit die mond van God*

Voorbeelde: Abraham ontvang van God die belofte dat Isak die seun van die verbond is uit wie die volk van God gebou sal word. Daarna eis God dat Abraham Isak moet offer. Jeremia ontvang van God die sedisieuse opdrag om te preek dat oorloop na die vyand die enigste redding van God se volk is. Josef behoort volgens die eis van die Joodse wet Maria laat stenig as hy uitvind dat sy verwagting is — maar 'n engel van die Here beveel hom om haar by hom te neem as sy vrou. Paulus wat handel in gehoorsaamheid aan Christus se bevel dat die evangelie aan alle nasies verkondig moet word en dan deur die Heilige Gees verbied word om na sekere plekke te gaan. Soortgelyk is in die hedendaagse lewe: die predikant wat twee beroepe gelyktydig ontvang.

3.4.2 *Botsende voorskrifte van die liefde, geregtigheid, waarheid en fatsoenlikheid*

'n Paar voorbeelde om te verduidelik wat hiermee bedoel word. Die liefde en die waarheid kom soms met mekaar in konflik by die vraag of 'n geneesheer aan 'n pasiënt moet vertel dat hy 'n ongeneeslike siekte het. Die Duitse skrywer

Theodor Storm het maagkanker gehad, maar hy het dit nie geweet nie. Op sy versoek het sy geneesheer hom die waarheid daaromtrent vertel. Toe Storm hoor dat hy gaan sterwe, het hy baie swarmoedig geword en geestelik ineen-gestort.

Sy broer wat ook 'n geneesheer was, het daarna egter met twee kollega's 'n komplot gesmee om die digter te bedrieg. Hulle het hom ondersoek en eenparig verseker dat hy 'n gewone maagaandoeninkie het wat binnekort weer gesond sou word. Storm het meteens soveel beter geword dat hy sy werk Schimmelreiter voltooi het. So dank die nageslag hierdie mooiste kunswerk van Theodor Storm aan die noodleuen van die geneesheer¹⁷⁾.

Miskien is dit hierdie soort leuen wat Luther op die oog gehad het toe hy verklaar het: 'n Goeie, kragtige leuen is beter as 'n lamsakkige waarheid. Fichte het daar anders oor gedink. Vir hom is 'n leuen altyd selfmoord van die gees¹⁸⁾.

Ewe goed kan gevra word: moet 'n man aan sy vrou wat dodelik siek lê aan 'n swak hart, vertel dat hul seun so pas in 'n motorongeluk oorlede is. 'n Voorbeeld van die botsing tussen geregtigheid en waarheid is die volgende: Wat moet die antwoord wees wanneer iemand in oorlogstyd 'n verstekeling in sy huis het en die vvand kom navraag doen of daar iemand wegkruip?

3.4.3 Botsende belange as gevolg van die feit dat die mens aan verskeie sosiale en godsdienstige kringe behoort wat aan hom teëstrydige eise stel

As voorbeeld kan genoem word die staatsman wat dit as gevolg van sy publieke bedrywighede so druk het dat hy sy eie huisgesin verwaarloos.

Samevatting

Uit die bostaande voorbeelde is dit duidelik dat die botsing van pligte die gevolg is van die gebrokenheid van hierdie skepping deur die sondeval. Aalders¹⁹⁾ stel dit heel sterk: In 'n volmaakte wêreld sonder sonde met volmaakte mense en volmaakte verhoudinge sou 'n botsing van pligte 'n onmoontlikheid gewees het. In 'n gevalle wêreld met onvolmaakte mense en gebroke verhoudings is die afwesigheid van 'n botsing van pligte 'n onmoontlikheid.

4. BOTSING VAN PLIGTE IN DIE HEDENDAAGSE ETIESE PROBLEMATIEK

4.1 Die mediese etiek

In die brandend-aktuele aborsievraagstuk moet die geneesheer soms kies

tussen die lewe en welsyn van die moeder en die kind, of hy moet beslis of die kind wat volgens sy mediese voorkennis 'n monster gaan wees, toegelaat moet word om gebore te word of in die fetale stadium te sterwe. Hy moet besluit of hy 'n meisie wat in die moeilikheid is, moet help om van haar ongewenste swangerskap ontslae te raak — en as hy weier, die risiko op hom neem om haar 'n paar dae later in 'n sterwende toestand aan te tref nadat sy haar toevlug tot 'n kwaksalwer geneem het.

Aborsie beteken dat 'n mens in sy prenatale stadium doodgemaak word — maar wat anders staan 'n geneesheer te doen wanneer 'n jong dogter 'n kind verwag omdat sy verkrag is?

Wat moet 'n geneesheer doen wanneer 'n pasiënt weens bloeding op die brein bewusteloos is en nie weer kan bykom nie maar tog met behulp van mediese middele 'n jaar of selfs 'n paar jaar in die bewustelose toestand aan die lewe gehou kan word? As dit eties veroorloof is om in hierdie geval die behandeling te staak, is dit dan ook eties veroorloof om 'n swaksinnige waterhoof wat sonder enige selfbesef voortveeteer, 'n dodelik inspuiting te gee?

4.2 Die oorlogsetiek

Volgens Romeine 13:4 is die owerheid deur God met die swaardmag beklee om die lewe van die onderdane te beskerm. Daarin is die plig tot binnelandse regshandhawing gegee en ook die plig tot defensiewe oorlogsvoering. Hou die plig tot hantering van die swaardmag ook in dat 'n owerheid kernwapens mag vervaardig waardeur alle lewe op aarde uitgewis kan word? Is dit nog geregverdigde hantering van die swaardmag of is dit bloeddorstige magswellus? Maar wat staan 'n owerheid te doen as sy vyande kernwapens ontwikkel? Is dit dan nie pligsversuim as hy dit nie ook doen nie?

4.3 Die volkereverhoudingsetiek

Die eis van die liefdesgebed is dat jy aan jou naaste moet doen wat jy sou waardeer as hy dit aan jou sou doen. Teoreties gesproke impliseer dit op die gebied van die politiek 'n beleid van volkome gelykstelling en stemreg vir almal in Suid-Afrika, afgesien van kleur of volksverband. Wanneer hierdie beginsel sonder in ag neming van die historiese ontwikkeling en die vervlegtheid van die huidige situasie summier toegepas word, kan dit nasionale selfmoord van die blankes en groot skade vir die nasionale ontwikkeling van die nie-blankes beteken.

Konklusie

Uit hierdie paar voorbeelde is dit duidelik dat die botsing van pligte in die hedendaagse etiese problematiek 'n baie belangrike rol speel. Hierdie probleme

kan nie opgelos word voordat die dilemma van die botsende pligte wat daarin verskuil sit, nie opgeklaar is nie.

5. ENKELE RIGLYNE IN VERBAND MET DIE OPLOSSING VAN DIE BOTSING VAN PLIGTE

Op die vraag hoe die probleem van botsende pligte opgelos moet word, is daar deur die loop van die tyd verskillende antwoorde gegee.

In die Roomse Etiek is getrag om langs die weg van kasuïstiese rangordening 'n lys op te stel van belangrike en minder belangrike pligte. So word gestel dat verpligtinge jeens God voorrang moet geniet bo die verpligtinge teenoor mense, dat kerklike verpligtinge voorkeur het bo burgerlike verpligtinge en dat die regsplig bo die liefdesplig gestel moet word²⁰⁾.

Volgens Heim²¹⁾ is die oplossing in die aanvaarding van die kompromis geleë, maar dan moet dit 'n heilige kompromis wees.

Knudson²²⁾ wat die bestaan van 'n pligtekollisie ontken, soek die antwoord by elke dreigende dilemma daarin dat die mens die getuienis tot sy beskikking moet weeg en dan self met sy nugter verstand moet uitmaak wat sy plig is.

Trillhaas²³⁾ beskou die botsing van pligte as teoreties onoplosbaar.

Aalders²⁴⁾ wil dat daar genoëc geneem word met die worsteling wat hom op elke lewensgebied rondom die botsing van pligte in hierdie gebroke wêreld-bedeling voltrek.

Brunner²⁵⁾ is van mening dat slegs deurgedring moet word tot die sin van die liefdesgebod, dan sal daar geen botsing van pligte wees nie.

By die formulering van 'n eie standpunt, met dankbare in ag neming van wat ander Gereformeerde etici²⁶⁾ hieroor geskrywe het, moet voorop gestel word dat daar geen kitsklaar oplossing vir die probleem van die botsing van pligte is nie. In plaas daarvan kan daar 'n paar riglyne getrek word wat by die worsteling met hierdie vraagstuk in ag geneem behoort te word.

5.1 Die beginsel van vryheid deur Jesus Christus

Deur sy kruisdood en opstanding het Christus die gelowige bevry van die vloek van die wet. Nie wetsonderhouding nie, maar die bloed van Christus maak die gelowige regverdig voor God so asof hyself nooit enige sonde gehad of gedoen het nie. Hierdie vryheid het tot gevolg dat Paulus verklaar: „Alles is my geoorloof”²⁷⁾. Paulus waarsku natuurlik ook dat hierdie vryheid nie as aanleiding vir die vlees gebruik mag word nie²⁸⁾. Wanneer 'n gelowige dus in 'n situasie is dat hy noodgedwonge en teen sy sin 'n gebod van God moet oortree ter wille van die onderhouding van 'n ander gebod, mag hy hom op die

bloed van sy Middelaar, Christus, beroep om ook hierdie skuld te bedek.

Christus is egter nie net Middelaar nie, Hy is ook Leraar. Die Skrifgeleerdes het telkens tevergeefs geprobeer om Hom in die dilemma van 'n botsing van pligte vas te keer. Volgens hulle opvatting was die genesing van siekes op die sabbat oortreding van die vierde gebod. Daarop het Christus geantwoord dat die mens nie vir die sabbat is nie maar die sabbat vir die mens en as die kalf op Sondag in die put geval het, dan moet hy uitgehaal word. Die vrou wat in owerspel gevang is, moes volgens die Joodse wet gestenig word – Jesus het haar vrygespreek en daarby gevoeg: Gaan heen en moenie meer sondig nie. Jesus, wat die Weg en die Waarheid en die lewe is, weet die uitweg uit die dilemma van elke botsing van pligte.

5.2 Die gewetensbeginsel

By alle botsings van pligte is dit 'n vereiste dat die gelowige met 'n skoon gewete moet handel, want ten diepste is die probleme wat lê op wat Brillenburg Wurth die gebied van die grensetiek noem, sake van die gewete voor God. So behoort die gelowige hom daarvan rekenskap te gee dat hy nie met 'n fiktiewe botsing van pligte besig is om vrome selfbedrog te pleeg nie. As hy dan 'n gebod van God moet oortree, moet dit wees met die besef: God weet dat ek nie anders kan nie.

5.3 Die gesindheid van die hart

Dit sluit ten nouste by die vorige aan. Wanneer 'n kind van God in sy gewete uitgemaak het dat hy ter wille van die onderhouding van een gebod 'n ander gebod moet oortree, dan sal hy dit vanselfsprekend doen met 'n gesindheid van berou, maar dan kan hy ook die sekerheid hê dat God 'n gebroke hart en 'n verslae gees nie sal verag nie²⁹⁾.

5.4 Die liefdesbeginsel

Uitgaande van die gedagte dat die wet van God liefde eis, is die leidende beginsel waarvolgens daar by 'n botsing van pligte gekies moet word, die beginsel van die liefde.

Wanneer daar gekies moet word tussen die belange van God en die naaste, dan moet die liefde tot God bo die liefde tot die naaste gestel word. Wanneer daar gekies moet word tussen die belange van die naaste en die eie belang, moet die liefde tot die naaste bo die liefde tot die eie persoon gestel word. Hierdie gesindheid was daar ook in Christus³⁰⁾.

5.5 Onderskeiding beginsel en norm

By die toepassing van die liefdesbeginsel moet daar steeds onderskei word tussen beginsel en norm. Beginsel is die ewige, onveranderlike liefdeseis van God se wet. Norm is die reël waarvolgens die beginsel in 'n bepaalde situasie toegepas word. Hiervolgens sal die Christen selfs in 'n tyd van oorlog vir sy vyande bid en as hulle in sy hande val, hul mensliewend behandel, die evangelie van Christus waardig.

6. DIE BETEKENIS HIERVAN VIR DIE GEREFORMEERDE TEOLOGIESE ETIEK

Uit die voorgaande het dit stellig geblyk dat die vraagstuk van die botsing van pligte een van die kernprobleme in die etiek is. Wie na 'n oplossing soek in die hedendaagse wye spektrum van etiese vraagstukke, moet met die dilemma van die botsing van pligte terdeë rekening hou. En die standpunt wat 'n etikus met betrekking tot die probleem van die botsing van pligte daarop naghou, sal weerspieël word in die hantering van die hele skopus van die etiese problematiek. Wat dit betref, is die Gereformeerde Teologiese Etiek in die begunadigde posisie om uit die Skrif die waarhede op te diep en aan die Filosofiese, die Mediese, die Polemologiese en die Etnologiese Etiek deur te gee. Met die vyf riglyne wat hierbo aangedui is, hoop ek tewens dat die uiterstes van wettisisme, formalisme, skolastiek, kasuïstiek en situasie-etiek wat beurtelings die etiek ontsier en kragteloos maak, vermy kan word.

Ten slotte geld ook by die beoefening van die Etiek hierdie pragtige wetenskap vol geheimsinnige lewensraaisels, wat die Nederlandse Geloofsbelydenis in verband met die voorsienigheid van God verklaar: Wanneer die gelowige wetenskaplike te staan kom voor dinge bo die begrip van die menslike verstand, „wil ons nie 'n nuuskierige ondersoek instel wat ons begrip nie kan bevat nie, maar ons aanbid met alle ootmoedigheid en eerbied die regverdige oordele van God, wat vir ons verborge is en stel ons daarmee tevrede dat ons leerlinge van Christus is om alleen te leer ken wat Hy ons aanwys in sy Woord, sonder om hierdie perke te oortree”.

Leerling van Christus — dit is wat ekself in die wetenskapsbeoefening die allergaagste wil wees.

Leerlinge van Christus — dit is wat ek graag deur God se genade van die studente wil maak wat aan my sorg toevertrou word.

Leerlinge van Christus, mense van God, vir elke goeie werk volkome toegerus.

VERWYSINGS

1. Vergelyk GEESINK, II: p. 178.
2. Ibid.
3. Ibid.
4. Ibid.
5. Ibid.
6. Ibid.
7. HARLESS, 1968, p. 319.
8. BRUNNER, 1953, p. 204.
9. KNUDSON, 1943, p. 184.
10. VAN DEN BERG, 1960, V: p. 471.
11. AALDERS, 1947, p. 101.
12. DIJK, 1925. I: p. 482.
13. SØE, 1957, p. 92.
14. GEESINK, 1931, II: p. 178.
15. AALDERS, 1947, p. 98.
16. SCHOONEES, e.a., 1965, p. 651.
17. HEIM, 1955, p. 134.
18. HEIM, op. cit., p. 133.
19. AALDERS, 1947, p. 101.
20. Vergelyk TRILLHAAS, 1959, p. 84.
21. HEIM, 1955, p. 135.
22. KNUDSON, 1943, p. 184.
23. TRILLHAAS, 1959, p. 84.
24. AALDERS, 1947, p. 102.
25. BRUNNER, 1953, p. 204.
26. Veral Geesink het waardevolle bydrae gelewer.
27. I Kor. 6:12; 10:23.
28. Gal. 5:13.
29. Ps. 51:19.
30. Filip. 2.

BRONNELYS

AALDERS, W.J. 1947. Handboek der ethiek. 2e dr., verzorgd door H. Van Oyen. Amsterdam, Holland.

BRUNNER, E. 1953. The divine imperative; a study in Christian ethics. London, Lutherworth.

CALVYN, J. 1865-68. Institutio; of, Onderwijzing in den Christelijke godsdienst. Op nieuw uit het Latijn vert. naar de laatste uitg., door G. Baum, e.a. Kampen, Zalsman. 3dle.

DIJK, K. 1925. Collisie van plichten (*In* Christelijke encyclopaedie voor het Nederlandsche volk. I. Kampen, Kok. p. 482).

GEESINK, W. 1931. Gereformeerde ethiek. II. Kampen, Kok.

GROSHEIDE, F.W. s.j. Plicht. (*In* Christelijke encyclopaedie voor het Nederlandsche volk. IV. Kampen, Kok, p. 583).

HARLESS, G.C.A. von. 1968. System of Christian ethics. Tr. from the German of the 6th enl. ed. by A.W. Morrison. Rev. by W. Findlay. Edinburgh, Clark.

HEIM, K. 1955. Die Christeliche Ethik. Tübingen, Katzmann.

KNUDSON, A.C. 1943. The principles of Christian ethics. New York, Abingdon-Cokesburg.

SCHOONEES, P.C., SWANEPOEL, C.J., DU TOIT, S.J. & BOOYSEN, C.M., reds. 1965. HAT; Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal vir universiteit, skool, huis en kantoor. Klerkdorp, Voortrekkerpers.

SOE, N.H. 1957. Christliche Ethik; ein Lehrbuch. 2., bearb. Aufl. München, Kaiser.

TRILLHAAS, W. 1959. Ethik. Berlin, Töpelmann.

VAN DEN BERG, J. 1960. Plicht. (*In* Christelijke encyclopedie. V. Kampen, Kok, p. 471).